

12 Desember

**Skrifgedeelte: Galasiërs 6:1-10**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22-23; 6:1**

**Die Heilige Gees maak jou nederig soos Christus, sodat jy met nederigheid ander kan help**

Is dit vir jou maklik om iemand aan te spreek? Nog erger, hoe voel dit vir jou om jou vriend of geliefde aan te spreek? Hoe moet jy dit doen? Die Heilige Gees woon in jou en Hy maak jou nederig sodat jy dit wel kan doen.

In Galasiërs 5:23 word nederigheid as deel van die vrug van die Gees omskryf. Die Griekse woord is "prautes". "Prautes" beteken: sagtheid, saggeardheid, sagmoedigheid, beskeidenheid, verdraagsaamheid, ootmoed, onderdanigheid en nederigheid. Sagmoedigheid beteken dat jy op 'n sagte en liefdevolle wyse met iemand te werk gaan. Nederigheid beteken dat jy beskeie is en nie hoogmoedig nie.

God die Vader maak ons sagmoedig en nederig deur sy Seun Jesus Christus en die Heilige Gees. Jesus het Homself nie te hoog geag om ons straf te dra nie (Fil. 2:1). Jesus sê Self: "Neem my juk op julle en leer van My, want ek is sagmoedig en nederig van hart." Jy ontvang omdat Jesus vir jou gee. Hy was nederig en nou ontvang jy nederigheid.

Jy het nederigheid in baie situasies nodig, veral wanneer iemand aangespreek word. In Galasiërs 6:1 word ons opdrag gegee om met "prautes" te werk te gaan. Jy moet, wanneer jy iemand wat in een of ander sonde geval het, aanspreek, eers jouself deur die Gees laat lei, en dan so iemand met 'n gees van sagmoedigheid reghelp.

Wie is daar met wie jy vandag nederig/sagmoedig moet wees? Jou man, vrou, kind, ouer, vriende, kollegas ...? Bid dat die Heilige Gees se vrug vandag met die vrug van nederigheid deur jou werk.

*Sing: Psalm 34:1*

*Ds. J van Schaik (Randburg)*